God altyd 1ste

Om geestelik te kan groei, moet jy God eerste stel.
Daar is in ’n jaar net 365 dae, 7 dae in ’n week en 24 uur in ’n dag.
Elke dag moet jy kies hoe jy jou tyd gaan spandeer.

Kyk die ekperiment:
Eksperiment van priotiteite: Stel die heel belangrikste eerste
https://www.youtube.com/watch?v=6_N_uvq41Pg

Groot klippe = Verhouding met God, jou ouers, familie, maats en gesondheid. Dit is die dinge wat jy nie met geld kan koop nie

Gruis of klein klippies = Die dinge wat belangrik is, maar nie so belangrik nie. Jy kon daarsonder klaarkom in die grendel tyd. Bv Skoolwerk, pouse, sport, verjaarsdag partytjie, nuwe klere.

Sand = Dinge waarsonder jy kan klaarkom. Dit is net lekker om die dinge te hê. Bv: Vakansie, Video speletjies, Tv, Naam klere bv: Nike of Adidas



Wat beteken Prioriteite?

Dit beteken dat jy moet besluit wat die belangrikste in jou lewe is.

In die eksperiment het jy gesien dat ons eers die groot klippe (Verhouding met God, jou ouers en familie) moet inpak, dan die gruis of klein klippies (Skoolwerk, pouse, sport, verjaarsdag partytjie, nuwe klere), gevolg deur die sand (Vakansie, video speletjies, Tv, klere met logos bv: Nike of Adidas)

As jy jou lewe eers volmaak met al die onbelangrike dinge, is daar nie plek vir dit wat die heel belangrikste is nie.
Jesus het vir ons kom wys dat tyd saam met God die Vader die belangrikste in ons moet wees. Hoor wat sê vir Jesus vir die Fariseërs in Lukas 19:36-40.

“Loof die Koning, Hy wat in die Naam van die Here kom! Vrede in die hemel en eer aan God in die hoogste hemel!” 'n Paar Fariseërs uit die skare sê toe vir Jesus: Meneer, maak stil u volgelinge!” Maar Hy antwoord:

“Ek sê vir julle: As hulle stilbly, sal die klippe uitroep.”

Wat bedoel Jesus as Hy sê in vers 20:“Ek sê vir julle: As hulle stilbly, sal die klippe uitroep.” Hy verduidelik hoe belangrik dit is dat mense God sal loof en prys. Die hele aarde besing tog Sy naam. As jy verstaan wie Hy is en besef hoe wonderlik Hy is en dat Hy jou lief het, kan jy nie anders as om hom te loof en prys nie.
Dan wil jy ook ander mense van Hom te vertel omdat Hy eerste in jou lewe is.
Hy is die ROTS in jou lewe!

Kyk ook na: Kids' Survival Tip #1 - Put God First- https://www.youtube.com/watch?v=1f9c-9rKLn0
Die oorspronklike storie: https://www.youtube.com/watch?v=SqGRnlXplx0